

27 Maart

Skrifgedeelte: Jakobus 2:14-26

Fokusgedeelte: Jakobus 2:14

HK, Vraag 86

Gelowiges doen goeie werke

Lewe jou geloof? Of is dit dooie geloof? Jakobus leer dat geloof wat nie tot daade oorgaan nie sonder meer dood is. Dit is soos 'n liggaam wat nie asemhaal nie. Dooie geloof beteken niks. Dit kan jou nie red nie.

Hoe weet jy of jou geloof leef? Kyk na jou daade. Spreek jou daade van dankbaarheid vir God se groot liefde vir jou in Christus? Ja, met jou hele lewe moet jy jou dankbaarheid wys.

Jou dankbaarheidsdade gee ook aan jou sekerheid van jou geloof – dit bevestig jou geloof. Dit bewys jou geloof. Jy is 'n lewende brief van Christus wat 'n aangename geur versprei en lig verskaf in 'n donker wêreld. So kan jy ook jou naaste vir Christus wen.

Jy is 'n goeie boom wat oral, by die werk, kerk, huis, skool, ja orals, goeie vrugte dra. Jy doen dit uit dankbaarheid daarvoor dat Christus jou met sy bloed gekoop het! Vir almal wat so vrugte dra, sê Christus (Joh 15:5): “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”

Ds. W Vogel (Cachet)

~~~~~